

BESPAAR BELASTING OP DIE WETTIGE MANIER

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

Net die onbevoorregtes is so bevoorreg om nooit belasting te betaal nie. Die sukkelende sakemanne, gesekwestreerde boere, straatmouse, armes en werkloses maak nooit geld nie en betaal dus nooit belasting nie. Almal wat buite hierdie kategorie val sal een of ander tyd belasting moet betaal.

Winsgewende boere val ongelukkig in die groep wat gaan belasting betaal. Miskien betaal hulle nie in 'n gegewe jaar nie maar enige persoon wat vooruit streef, hetsy 'n boer of andersins, gaan op 'n gegewe stadium belasting betaal en heel moontlik sommer baie belasting betaal. Wanneer daardie oomblik dus aanbreek, moet die belastingpligtige so min as moontlik betaal. Gevolglik laat die Inkomstebelastingwet ruimte vir besparingstegnieke sodat daar nie meer belasting betaal moet word as wat nodig is nie, mits daar binne die wet gebly word.

Wetlike bepalinge

Besparingsmaatreëls wat buite die wet val word as ontduiking beskou. Die belastingpligtige ontduik dus die belasting wat betaalbaar is. Hy bank nie die kontantinkomste van aartappelverkope nie. Hy verkoop slaglammers, hoenders en melk vir kontant en bêre die "warmgeld" in sy kluis. Die ontduiker gee ook 'n hoër loonbedrag op as die werklike. Hy eis ontwikkelingsuitgawes vir 'n dam wat nooit gebou is nie. Sy belasbare inkomste is dus heelwat minder as die werklike syfer en hy ontduik die betaalbare belasting daardeur op onwettige wyse. Ontduiking is 'n kriminele oortreding en die belastingpligtige wat daarvan gebruik maak, stel hom aan vervolging bloot.

Wanneer die belastingpligtige belasting vermy, bly hy binne die wet. Hy betaal minder belasting deur al die wettige maatreëls tot sy beskikking te gebruik. Sy verklaarde inkomste strook met sy werklike syfers. Hy het sy betaalbare belasting verminder en sodoende 'n hoër belastingaanslag vermy deur niks meer belasting te betaal as wat die wet van hom vereis het nie. Hy het hom dus nie aan 'n misdryf skuldig gemaak nie en kan nie vervolgd word nie.

Belastingbesparingsmaatreëls is veronderstel om bona fide transaksies te wees. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) is baie bedag daarop dat sulke maatreëls nie bloot ter wille van vermyding gedoen word nie. In so 'n geval sal hy dit as 'n vermydingskema (*tax scheme*) beskou en die belastingpligte belas asof die transaksie nooit plaasgevind het nie. Enige fiktiewe transaksie sal deur die SAID as 'n skema beskou word. Veeverkope wat slegs op papier geskied waarby daar nie werklik verskuifbare vee betrokke was nie, is 'n fiktiewe transaksie.

Wanneer so 'n transaksie onder die SAID se aandag kom, gaan hy die belasting hef op die belasbare inkomste wat die betrokke transaksie sal uitsluit.

Kontrole

Die belastingbetaler moet nie die SAID onderskat wanneer dit by besparingsmaatreëls kom nie. Daar bestaan 'n aantal kontrolemaatreëls waarmee die geloofwaardigheid van belastingopgawes geverifieer kan word. Dit is 'n goedontwikkelde stelsel waardeur daar aan die SAID verslag gedoen word oor die inkomste wat deur instansies aan belastingbetalers betaal word. 'n Boer se koöperasie, markagent of vee-afslaer word deur die SAID verplig om opgawes in te dien oor byvoorbeeld die bedrag wat ten opsigte van graanverkope, varsprodukte of vee uitbetaal is. Daardeur kan die SAID kontroleer of die boer dieselfde bedrag in sy belastingopgawe as inkomste verklaar het. Die boer ontvang 'n kopië van so 'n IB3-sertifikaat sodat hy sy eie opgawe in oorstemming met dié van sy agente kan bring.

Die SAID kontroleer ook die kapitaalgroei wat in 'n belastingbetaler se balansstaat verskyn. Wanneer die boer 'n nuwe motor met sy "warmgeld" aankoop, gaan daar 'n abnormale toename in sy kapitaalrekening wees wat nie met die verklaarde inkomste gerekonsilieer kan word nie. In sulke gevalle sal die belastingbetaler versoek word om 'n verduideliking te verskaf oor hoekom hierdie onverklaarde toename nie belas moet word nie.

Daar is verder 'n beloning beskikbaar vir enige persoon wat 'n belastingontduiker aangee. Wanneer die SAID se voorlopige ondersoek aandui dat daar 'n moontlikheid van ontduiking bestaan, sal hy 'n deeglike inspeksie van die belastingbetaler se rekords doen. Indien die inspeksie 'n ongerymdheid ontbloot, sal die ontduiker die belasting daarop en ook die verskuldigde boetes moet betaal. Die informant ontvang dan 'n persentasie van die ingevorderde belasting as beloning.

Vermyn die onvermydelike

Belastingvermyding het sekere onvermydelike newe-effekte. Die effektiëste besparingsmaatreëls is slegs 'n uitstel en nie 'n afstel van belasting nie. Indien die belastingbetaler nie daarvan bewus is nie gaan hy sy betaalbare belasting net uitstel totdat dit 'n onhanteerbare probleem geword het.

Belasting kan nie vir altyd uitgestel word nie. Die boer gaan een of ander tyd sy boerdery staak, hetsy deur afsterwe of aftrede. Wanneer hy dus sy boerdery staak, kom die hele uitstelproses tot 'n einde en is die betaling van belasting onvermydelik. Hierdie belasting sal of in die vorm van inkomstebelasting of boedelbelasting of kapitaalwinstbelasting betaalbaar wees. Die boerdery gaan in die toekoms gestaak word en daarom moet daar voorsorg getref word vir wanneer daardie oomblik aanbreek.

Die boer se privaatuitgawes is nie aftrekbaar vir belastingdoeleindes nie. Elke boer het elke jaar privaatuitgawes, versekeringspremies en skool- of universiteitsonkoste van sy kinders. As hy in 'n bepaalde jaar geen belasting betaal nie beteken dit dat die boerdery hierdie

nabelastinguitgawes in die vorm van ekstra vee of los bates opgaar. Gevolglik hoop daar in so 'n jaar 'n bedrag op wat belasbaar is maar waarop daar nie belasting betaal word nie.

Gestel die boer se trekkings is normaalweg ongeveer R100000 per jaar. Indien die boer nooit belasting daarop betaal nie is daar na tien jaar 'n opgeloopte bedrag van R1 miljoen. Sou die boer dan sterf of aftree lê daar 'n bedrag van R1 miljoen in sy boedel wat in een jaar belasbaar gaan wees. In daardie jaar gaan die boer dus ongeveer R400000 (40%) se belasting moet betaal teenoor die geen van die voorafgaande jare.

Die situasie sou heelwat anders gewees het as dieselfde boer elke jaar op R100000 belasting betaal het. Die totale belastinglas sou dan beter versprei gewees het en jaarlikse teen 'n laer koers belasbaar gewees het.

Dit is raadsaam dat die boer wel elke jaar op ten minste sy trekkings belasting moet betaal en homself nie voorneem om niks te betaal nie. Dit is ongelukkig so dat hy steeds ongeveer R18000 se belasting op R100000 se trekkings gaan betaal, voordat die kortings in ag geneem is. Die boer kan hierdie R18000 egter tussen homself en sy vrou versprei om 'n laer belastingkoers af te dwing deur middel van 'n salaris wat aan haar betaal word. Daar is wetlike aspekte wat nagekom moet word en die SAID sal die boer self belas indien hy van mening is dat die vrou vir belastingvermyding gebruik is. Hierdie voorskrifte is oorbrugbaar en dit kan wel tot voordeel van die boer aangewend word.

Die boer het sekere ondernemingsvorme tot sy beskikking waarmee hy sy eie belastinglas kan versprei of waarmee hy die opeenhoping van uitgestelde belasting kan vermy. Die vernaamste hiervan is 'n maatskappy, beslote korporasie en trust. 'n Maatskappy of beslote korporasie betaal belasting teen 'n vaste koers van 29%. Indien die boer se eie gemiddelde koers dus hoër as 29% is, kan hy 'n gedeelte van sy boerdery in 'n maatskappy of beslote korporasie bedryf sodat hy sy belastinglas, en gevolglik ook die koers, daardeur kan versprei.

'n Trust is nie op 'n korting geregtig nie en betaal gevolglik belasting teen 'n hoër koers. Die trust is egter 'n baie doeltreffende instrument om inkomste te versprei. Daardeur kan die boer sy vrou en kinders begunstigdes van 'n trust maak wat 'n gedeelte van sy belasbare inkomste ontvang. Die trust versprei dan hierdie inkomste onder die begunstigdes en die gemiddelde belastingkoers word sodoende verlaag. In die geval van minderjarige kinders sal die toets egter steeds wees of die boer sy eie belasbare inkomste deur middel van die trust vermy het. Indien wel, moet die kinders se belasbare inkomste by die boer se belasbare inkomste getel word.

Anders as die boer self, kom die maatskappy of beslote korporasie se lewe nie tot 'n einde nie tensy dit gelikwider word. Gevolglik kan enige opgehoopte verliese in die maatskappy of beslote korporasie na sy afsterwe steeds benut word en die uitgestelde belasting word nie eenmalig by boerderystaking belas nie.

Beplanning

Daar is 'n fyn balans tussen 'n aanvaarbare kontantvloei en belastingbesparings. Dit is nie vir 'n boer 'n uitdaging om geen belasting te betaal nie. Solank as wat sy bankbestuurder dit toelaat, kan die boer oortrokke gaan en vragte kuns mis en treintrokke vol vee aankoop. 'n Onoordeelkundige bankbestuurder sal die boer ook nog toelaat om verskeie nuwe huurkope vir trekkers en bakkies voor 28 Februarie aan te gaan. Hy weet hy gaan dit wat die boer aan belasting bespaar in terme van rente verdien. Gevolglik is daar 'n ewe fyn balans tussen dit wat die boer aan belasting bespaar en dit wat hy aan rente gaan betaal. Uit 'n finansiële bestuursoogpunt kom dit dus daarop neer dat die boer die strategies belangrike aankope moet doen, sy kontantvloei moet laat klop en ten minste belasting op sy trekkings moet betaal.

Belastingbeplanning moet tydig geskied. Dit dien geen doel om belastingbeplanning vir die finansiële jaar wat op 29 Februarie 2008 eindig eers in Augustus van dieselfde jaar te doen nie. Tydige belastingbeplanning kan alleenlik gedoen word as die boer oor tydige en akkurate finansiële rekords beskik. Sy finansiële rekordstelsel moet dus aansluiting by sy belastingbeplanning kan vind. Hoe tydiger hierdie inligting beskikbaar is, hoe tydiger kan die belastingbeplanning gedoen word.

Die inligting waarop die belastingbeplanning gedoen word moet ook akkuraat wees. Dit dien geen doel om die beplanning betyds te doen nie maar wanneer die finale belastingstate opgestel word, word daar agtergekom dat daar foute in die aanvanklike beplanning was. Teen daardie tyd mag dit te laat wees om ten volle van die besparingsmaatreëls gebruik te maak.

Die vermyding van belasting kom grootliks op die uitstel van belasting neer. In 'n mindere mate kan die boer ook 'n gedeelte van sy betaalbare belasting afstel. Wanneer die boer sy belasting uitstel moet hy sekere strategieë volg sodat hy nie by die staking van sy boerdery met 'n eenmalige onhanteerbare belastinglas opgeskeep sit nie. Dit is dus wenslik om die betaalbare belasting oor 'n tydperk te versprei en dit dan ook so te verdeel dat dit teen die laags moontlike belastingkoers betaal word.

Daar is perke aan belastingbesparingsmaatreëls. Die boer moet sy eie kontantvloei in gedagte hou wanneer hy sekere uitgawes ter wille van belastingbesparings aangaan. Dit dien geen doel om die betaalbare belasting met rentebetelings te vervang nie.